# LAERSKOOL HANDHAAF


Channerstraat, Janssensdal. Uitenhage 6229

Posbus 3050, Riebeekhoogte, Uitenhage 6231 Tel. 041-9921423

E-pos: kantoor@handhaaf.co.za

Webwerf: www.handhaaflaerskool.blogspot.com


**Nota: Hierdie vorm moet volledig ingevul word. By alle verandering moet daar geparafeer of geteken word deur ouer/voog. Deur die vorm in te vul, beteken nie noodwendig dat die leerder tot die skool toegelaat is nie.**

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| Graad waarvoor aansoek gedoen word: | | | Hoogste graad geslaag: | |
| Jaar waarin graad geslaag is: | | | Toelatingsnommer: | |

**BESONDERHEDE VAN LEERLING**

Van:

Voorletters:

Noemnaam:

Geboortenaam:

Ander name:

| Geboortedatum: | YY | MM | DD |
|---|---|---|---|
| | | | |

| Geslag: | Manlik | Vroulik |
|---|---|---|
| | | |

Ras:

Burgerskap:

ID of paspoortnommer:

Land van verblyf:

Provinsie van verblyf:

Woonadres:

Kode:

Huistelefoonnr:

Noodgeval Telefoonnr:

Selfoonnr van leerder:

Noodgeval naam en van:

**ADDISIONELE INLIGTING**

Huistaal:

| Koshuisleerder: | Ja | Nee |
|---|---|---|
| | | |

Metode van vervoer na skool:

Aantal kinders reeds in hierdie skool:

Hoeveelheid kinders in gesin:

Verskaf asb. volledige name van leerders reeds in hierdie skool hieronder:

| | |
|---|---|
| Naam en van: | Graad: |
| Naam en van: | Graad: |
| Naam en van: | Graad: |

| Ouers oorlede? | Moeder | Vader | Albei | Geen |
|---|---|---|---|---|
| | | | | |

Geloof:

| Graad 1 alleenlik: Dui aan voorskoolse opleiding: | Geen | Informeel | Formeel |
|---|---|---|---|
| | | | |

**BESONDERHEDE VAN VORIGE SKOOL**

Naam van vorige skool:

Adres van vorige skool:

Kode:

Provinsie:

**MEDIESE INLIGTING VAN LEERDER**

Mediese fondsnommer:

Naam van mediese fonds:

Naam van hooflid:

## AANSOEK OM TOELATING TOT SKOOL

| | |
|---|---|
| Naam van dokter: | Telefoonnr. van dokter: |
| Mediese toestand: | |
| Spesiale probleme wat berading benodig: | |

| Behendigheid van Leerder: | Regshandig | Linkshandig | Vaardig met beide hande |
|---|---|---|---|

| Maatskaplike toelaag: | Ja | Nee |
|---|---|---|

**OUER-/VOOGINLIGTING**

| | |
|---|---|
| **Vader/Wederhelf** Voorletters: | Van: |
| Geboortename: | Huistaal: |
| Ras: | ID-/Paspoortnommer: |

| Rekeningpligtige: | Ja | Nee |
|---|---|---|

| | |
|---|---|
| Woonadres: | |
| | |
| | |
| Kode: | |

| |
|---|
| Beroep: |
| Werkgewer: |

| | |
|---|---|
| **Moeder/Wederhelf** Voorletters: | Van: |
| Geboortename: | Huistaal: |
| Ras: | ID-/Paspoortnommer: |

| Rekeningpligtige: | Ja | Nee |
|---|---|---|

| | |
|---|---|
| Woonadres: | |
| | |
| | |
| Kode: | |

| |
|---|
| Beroep: |
| Werkgewer: |

**OUER/VOOG VERANTWOORDELIK VIR REKENING BESONDERHEDE**

| | |
|---|---|
| Titel en Voorletters: | Van: |

| | | | |
|---|---|---|---|
| Posadres: | | | |
| | | Kode: | |

**ANDER KONTAKBESONDERHEDE**

| | |
|---|---|
| Huis telefoonnommer: | Vader/Wederhelf werk telefoonnommer: |
| Faksnommer: | Vader/Wederhelf selfoonnommer: |
| Moeder/Wederhelf werk telefoonnommer: | Moeder/Wederhelf selfoonnommer: |
| Vader/Wederhelf E-posadres: | Verwantskap aan Leerder: |
| Huwelikstatus van ouer: | Moeder/Wederhelf E-posadres: |

Hiermee verklaar ek dat, sover my kennis strek, die bogenoemde inligting wat verskaf is, akkuraat en korrek is.

**Naam van ouer/voog (in drukskrif):** ______________________________

**Handtekening van ouer/voog:** ______________________________

**Datum:** ______________________________

**Die volgende dokumente moet saam met die aansoek ingehandig word:**

1. **Afskrif van inentingsertifikaat**
2. **Afskrif van geboortesertifikaat**
3. **Vorderingsverslag van vorige skool**
4. **Oorplasingsbrief van vorige skool**

## Toestemmingsvorm ingevolge die Wet op Beskerming van Persoonlike Inligting 4 van 2013 (POPI)

## TOESTEMMING OM PERSOONLIKE INLIGTING TE GEBRUIK[1]

- Deur toe te stem tot die bepalings van hierdie inligtingsvorm, magtig u,

  ........................................................................ (naam), hiermee Laerskool Handhaaf

  vrywillig om u persoonlike inligting sowel as dié van die leerder

  ..................................................................... (naam) te verwerk, (met inbegrip van die name, straatadres, telefoonnommers en enige ander inligting wat u aan die skool verstrek).

- Verwerking sluit in die ontvangs, optekening, organisering, insortering, stoor, bywerking of aanpassing, herwinning, wysiging, raadpleging en gebruik; die verspreiding by wyse van oorsending, uitreiking of beskikbaarstelling in enige ander vorm, of die samesmelting, koppeling sowel as inperking, degradasie, uitwissing of vernietiging van inligting.

- Hierdie toestemming is onmiddellik van krag en sal van krag bly totdat een van die voorwaardes ingevolge paragraaf 8 van die Beleid oor die Beskerming van Persoonlike Inligting nagekom is.

- Die persoonlike inligting mag slegs verwerk word indien dit voldoende, tersaaklik en binne perke is in die lig van die doel waarvoor dit verwerk word, en indien verwerking ooreenkomstig die betrokke bepalings van POPI geskied. Die doel van die verwerking van inligting moet met 'n werksaamheid of aktiwiteit van die skool verband hou, bv:
  - aansoek om toelating,
  - indeel van 'n leerder in 'n toepaslike graad en registerklas,
  - aansoek vir vrystelling van die betaling van onderriggeld, ens.
  - indien u versuim/nalaat om u rekeningstaat te vereffen, u inligting oorgegee kan word aan ons prokureurs vir invordering, ens

  In die geval van versuim om die nodige inligting te verstrek, sal bogenoemde nie kan plaasvind nie en u kind sal nie by Laerskool Handhaaf ingeskryf kan word of op die SASAMS-program geregistreer kan word nie.

- Daarbenewens neem u hiermee kennis dat Laerskool Handhaaf persoonlike inligting met betrekking tot die behoorlike funksionering, bestuur en beheer van die skool insamel en verwerk, soos wat die Suid-Afrikaanse Skolewet 84 van 1996 en ander tersaaklike onderwyswetgewing en -beleide voorskryf.

- Die tipe inligting sal afhang van die doel waarvoor dit ingesamel word, en sal ook slegs vir daardie doel verwerk word.

- Ingevolge artikel 11 van POPI kan persoonlike inligting slegs in die volgende omstandighede verwerk word:

---

[1] Hierdie vorm moet in samehang met die *Beleid oor die Beskerming van Persoonlike Inligting* gelees word.



**Kopiereg FEDSAS**

- Indien die datasubjek, of 'n bevoegde persoon ingeval die datasubjek 'n kind is, tot verwerking toestem.
- Indien verwerking noodsaaklik is vir die uitvoering van handelinge met die oog op die sluiting of nakoming van 'n kontrak waarin die datasubjek 'n party is.
- Indien verwerking voldoen aan 'n plig wat die skool volgens wet opgelê word.
- Indien verwerking 'n regmatige belang van die data subjek beskerm.
- Indien verwerking noodsaaklik is vir die uitoefening van 'n openbare regsplig.
- Indien verwerking noodsaaklik is om in die skool se regmatige belang op te tree.

**U regte ingevolge hierdie toestemming**

U het die volgende regte:

- *Die reg om te weet watter inligting gehou word, hoe dit gebruik word, en wanneer die skool dit sal bekend maak.* Ál voormelde inligting word vervat in ons Beleid oor die Beskerming van Persoonlike Inligting en ons Privaatheidsbeleid, wat beskikbaar is en bekom kan word by ons kantore of op ons webtuiste.
- *Die reg om u besonderhede reg te stel.* Die skool sal u inligting bygewerk probeer hou. Indien enige van u besonderhede egter verander, stel ons asseblief in kennis sodat ons rekords so akkuraat moontlik kan wees.
- *Die reg om u toestemming terug te trek.* U mag die toestemming wat u ons ingevolge hierdie vorm gee in enige stadium terugtrek. U terugtrekking moet op skrif geskied en aan die inligtingsbeampte van die skool gerig word. Teruggetrekte toestemming is nie terugwerkend van krag nie en sal dus nie enige vorige of bestaande gebruik van u inligting raak nie.

**Toestemming om bemarkingsinligting te ontvang**

Deur tot die bepalings van hierdie toestemmingsvorm in te stem, gee u uitdruklik toestemming dat u inligting vir bemarkingsdoeleindes verwerk word, en verstaan u dat deur toestemming te gee, u bemarkingsmateriaal in die vorm van SMS'e, e-posse en dies meer van die skool kan ontvang.

Merk asseblief u antwoord hieronder:

Ek stem in ☐ Ek stem nie in nie ☐

________________________ ______________
Handtekening van ouer/voog Datum



**Kopiereg FEDSAS**

# VRYWARINGSVORM MET BETREKKING TOT LEERDERFOTO'S/ - BEELDMATERIAAL/ -VIDEO'S

Ek, (skryf asseblief volle name netjies in blokletters) ___________________________________, verleen hiermee toestemming aan Laerskool Handhaaf om foto's/ beeldmateriaal/ video's van die kind(ers) hieronder te vertoon as deel van:

- 'n demonstrasie/ projek/ aktiwiteit in die loop van klaskameronderrig;
- 'n voorbeeldprojek/ -aktiwiteit op CD wat vir gebruik in opvoedkundige werksessies, klaskamers, advertensies, ensovoorts deur die skool geskep is;
- die skool se webblaaie en sosialemediaplatforms (waaronder Facebook en Twitter);
- voorbeelde wat aan programuitgewers gegee, of wedstrydinskrywings wat by borge ingedien word;
- video-opnames vir 'n program in verband met die skool wat op 'n televisiestasie uitgesaai sal word; en/of
- enige gedrukte publikasie, wat insluit, dog nie beperk is nie tot, koerante, tydskrifte, jaarboeke, ensovoorts.

Deur hierdie toestemming te verleen, begryp ek dat die skool foto's/ beeldmateriaal/ video's van die kind(ers) kan gebruik vir doeleindes soos om prestasies te vier en onderwysgeleenthede bekend te maak, soos wat die skoolbeheerliggaam en die skoolhoof goeddink, en dat sodanige gebruik vertoning in die skoolfotogalery kan insluit.

Ek verstaan voorts dat hoewel die skool wat met die foto's/ beeldmateriaal/ video's verbind word, geïdentifiseer sal word, en volwassenes wat in foto's/ beeldmateriaal/ video's verskyn by die naam genoem mag word, geen persoonlik identifiseerbare inligting van die kind(ers), buiten vir die naam/ name van die kind(ers), saam met enige foto/ beeld/ video gebruik sal word nie.

Ek onderteken hierdie vrywaringsvorm in die wete dat enige foto's/ beeldmateriaal/ video's wat op die skool se webtuiste gepubliseer word, deur verskeie nuusorganisasies, waaronder gedrukte, elektroniese en uitsaaimedia, bekom en gereproduseer kan word, en daarom vrywaar ek die skool van enige aanspreeklikheid wat kan ontstaan uit die gebruik van foto's/ beeldmateriaal/ video's van die kind(ers) in skoolwebpublikasies.

Daarbenewens begryp ek dat daar moontlike gevare bestaan in verband met die publikasie van foto's, beeldmateriaal en video's op 'n webtuiste, aangesien wêreldwye toegang tot die internet dit onmoontlik maak om te beheer wie toegang tot die inligting verkry.

Ek verstaan ook dat indien ek hierdie ooreenkoms wil herroep, ek dit in enige stadium kan doen deur 'n brief aan die skoolhoof te stuur.

Ek verstaan dat indien ek verkies om nie toestemming tot die bogenoemde te verleen nie, my kind op GEEN foto's, beeldmateriaal of video's mag verskyn nie. Dit sluit in, maar is nie beperk tot, die volgende nie: klasfoto's, sportgroepfoto's, konsertfoto's, konsert produksies/video's, prestasie erkennigsfoto's wat na koerante gestuur word, ens.



**Kopiereg FEDSAS**

- Foto's van my kind mag op **whatsapp groepe** geplaas word — JA / NEE

- Foto's van my kind mag op Laerskool Handhaaf se **Facebookblad** geplaas word. — JA / NEE

Naam/name van leerder(s): ______________________________

______________________________

Naam van ouer/voog: ______________________________

Adres: ______________________________

Stad: ______________________ Poskode: __________

Telefoonnommer: ______________________________

Handtekening van ouer/voog:* ______________________________

Datum: ______________

*Leerders van 18 jaar of ouer mag hierdie vrywaringsvorm self onderteken.



**Kopiereg FEDSAS**

# TOELATINGSVERKLARING VAN LAERSKOOL HANDHAAF

Die Toelatingsverklaring is onderworpe aan die Toelatingsbeleid.

*Tensy dit anders uit die konteks blyk, sal die woorde in hierdie dokument wat manlik aandui ook vroulik insluit en vice versa en die woorde wat enkelvoud aandui, sal ook meervoud insluit en vice versa.*

## 1 SKOOLKARAKTER

Laerskool Handhaaf ondersteun 'n waardegedrewe onderrigsisteem. Beginsels van betroubaarheid, respek, verantwoordelikheid, regverdigheid, omgee en goeie burgerskap vorm die pilare van 'n goeie waardegedrewe sisteem. Daar sal gepoog word om te alle tye alle leerders in elke faset van die waardesisteem leiding te gee.

Die bywoning en respektering van alle saalbyeenkomste is 'n verpligting met behoud van leerders en personeel se religieuse voorkeur.

## 2 TAALMEDIUM

Hierdie onderwysinrigting se voertaal is Afrikaans. Engels word slegs as 'n leerarea aangebied.

## 3 KULTURELE SKOOLKARAKTER

Alle opvoeding en onderrig vind deurlopend plaas met die skoolkultuur en skooltradisie as uitgangspunt.

## 4 AKADEMIESE STANDAARDE

4.1 Dit is die skool se strewe om deurgaans 'n uiters goeie akademiese standaard van onderrig te handhaaf. Dit word van elke ouer, onderwyser en leerder verwag om tot die bereiking hiervan ten nouste saam te werk en dit na te strewe.

4.2 'n Leerder sal in die graad geplaas word in oorleg met sy huidige akademiese posisie en waarvoor hy/sy volgens ouderdom kwalifiseer soos voorgeskryf deur die S.A. Skolewet, bv.

| | | |
|---|---|---|
| Graad RR | - | 5 jaar |
| Graad R | - | 6 jaar |
| Graad 1 | - | 7 jaar |
| Graad 2 | - | 8 jaar |
| Graad 3 | - | 9 jaar |
| Graad 4 | - | 10 jaar |
| Graad 5 | - | 11 jaar |
| Graad 6 | - | 12 jaar |
| Graad 7 | - | 13 jaar |

Dit word in oorleg met sy huidige akademiese posisie gedoen.

## 5 AANSOEK OM TOELATING

Die volgende dokumentasie word verlang by aansoek om toelating tot die skool:

5.1 'n Voltooide toelatingsvorm;
5.2 'n Amptelike oordragvorm van die vorige skool, indien van toepassing;
5.3 'n Afskrif van die mees onlangse skoolverslag;
5.4 'n Gesertifiseerde afskrif van die leerder se geboortesertifikaat;
5.5 'n Gesertifiseerde afskrif van die volledige immunisasiesertifikaat;
5.6 Dokumente rakende enige spesifieke leerbehoeftes wat die leerder mag ondervind. Hierby het ons ook 'n verslag van 'n kliniese sielkundige nodig indien die kind reeds skoolpligtig is, maar nog nie skoolgereed is nie.

5.7 Toestemmingsvorm om persoonlike inligting te gebruik (POPIA)
5.8 Vrywaringsvorm met betrekking tot leerderfoto's/beeldmateriaal/video's
5.9 Getekende Verklaring

## 6 SKOOLTROTS

Bogenoemde geniet baie hoë prioriteit. Van opvoeders, leerders en ouers word verwag om trots te wees op ons skool asook om op alle gebiede die naam en beeld van Laerskool Handhaaf positief uit te dra.

Dit word van alle leerders verwag om op geen wyse die naam van Laerskool Handhaaf in die openbaar in diskrediet/onguns te bring nie.

## 7 SKOOLDISSIPLINE

Dissipline soos in sy verskillende variasies geniet 'n hoë prioriteit in dié skool. Dit word van alle leerders van Laerskool Handhaaf verwag om hulle aan die gesag van die skoolhoof en personeel en die reëls van Laerskool Handhaaf, soos goedgekeur deur die beheerliggaam, te onderwerp (sien Gedragskode). Bo en behalwe die amptelike skoolreëls moet daar nou gelet word op die volgende:

- Hoë morele waardes moet deur alle opvoeders sowel as leerders te alle tye gehandhaaf word, d.w.s. geen vorme van seksuele toenadering, intimiteit, uitlokking of misbruiking word toegelaat/aanvaar nie.

## 8 ONDERLINGE VERHOUDINGE

'n Hoë premie word op bogenoemde geplaas tussen opvoeders, ouers en leerders. Daar sal te alle tye asook op alle terreine wedersydse respek gehandhaaf word t.o.v. die professionaliteit van die skoolhoof en sy personeel aan die een kant en die verantwoordelikheid van die ouers teenoor bogenoemde partye sowel as teenoor hul kind(ers) aan die ander kant.

## 9 SKOOLREëLS EN SKOOLDRAG

Van alle leerders sal daar verwag word om:

9.1 Al die skoolreëls te gehoorsaam en te respekteer.
9.2 Die amptelike skooldrag (winter en somer) soos van toepassing op graad 1 – 7 leerders, met trots te dra en te respekteer.
9.3 Die skool tydens vasgestelde skooltye stiptelik en gereeld by te woon.
9.4 Sorg te dra dat hul persoonlike voorkoms asook kleredrag voldoen aan die algemene welvoeglikheidsregulasies wat deur die Beheerliggaam bepaal word.

## 10 NASIONALE SIMBOLE

Dit word van alle leerders verwag om die nodige agting en respek te openbaar teenoor die nasionale simbole van die R.S.A. sowel as die skool se kodes.

## 11 ONDERRIGGELD

'n Gesonde finansiële beleid is van uiterste belang om die beoogde doelwitte van ons skool te verwesenlik. Die beheerliggaam stel hom dit ten doel om deurlopend 'n wakende oog te hou oor die verantwoordelike besteding van die fondse.

Sou die ouer/voog dit verkies, kan onderriggeld maandeliks, kwartaalliks, halfjaarliks of jaarliks vooruitbetaal word.

## 12 SPORT- EN KULTUURPROGRAM

Ons plaas 'n hoë prioriteit op die betrokkenheid van ons leerders by ons sport en kultuurprogram. Vanaf graad 3 vorm ons sport- en kultuurprogram deel van ons onderrigprogram en vereis ons van al ons leerders om in te skakel by ons sport- en/of kultuurprogram. Hoewel sportdeelname vir Graad R, 1 en 2 leerders nie verpligtend is nie, bied ons hulle die geleentheid en wil ons hulle aanmoedig om hierby in te skakel sodat hulle die nodige balvaardighede kan aanleer en gereed kan wees om by die verpligte sportdeelname vanaf graad 3 in te skakel.

## 13 VERKLARING

Met die ondertekening van die Verklaring wat by die voltooide toelatingsvorm aangeheg is, impliseer die ouer/voog dat hy/sy homself/haarself en sy/haar kind(ers) van die toelatingsbeleid en toelatingsverklaring vergewis het en dit verstaan. Weiering van ondertekening impliseer nie dat die leerling nie onderworpe is aan die toelatingsbeleid nie.

Enige skriftelike vertoë ten opsigte van motivering vir wysiging van bogenoemde Toelatingsverklaring moet gerig word vir voorlegging en goedkeuring deur die Beheerliggaam.

Sou daar egter grondige rede(s) by die Onderwysdepartement en die Beheerliggaam bestaan wat daarop dui dat die ouer/voog en/of sy kind(ers) hulle nie daarby hou nie, sal die ouer/voog hom moet neerlê by enige toepaslike optrede en/of besluit deur die Onderwysdepartement geneem.

As Beheerliggaam vertrou ons dat u as ouer/voog wat huidiglik 'n leerder(s) aan Laerskool Handhaaf het, u wel deeglik van die toelatingsverklaring sal vergewis en dat u so lank as wat u kind(ers) aan Laerskool Handhaaf 'n ingeskrewe leerder is, ook die toelatingsverklaring sal onderskryf.

Ons dank u van harte vir u lojale samewerking tot uitbouing en voordeel van ons skool en sy leerders.

**N. LOOCK**
**SKOOLHOOF**

**C. SCHOLTZ**
**VOORSITTER : BEHEERLIGGAAM**

## ALGEMENE INLIGTING

NEEM ASSEBLIEF KENNIS VAN DIE VOLGENDE:

**1 SKOOLTYE**

1.1 Begin soggens om 07:30 vir Graad RR – Graad 7. Leerders wat laat vir skool opdaag, moet by die kantoor aanmeld.

1.2 Skool sluit as volg:

- Graad RR en R
  - slegs vir die eerste skoolweek in Januarie om 11:00
  - vanaf die tweede week in Januarie, Maandag – Vrydag om 12:00
  - daar is 'n nie-verpligte sportperiode op Maandae – Donderdae vanaf 12:00 – 12:40
- Graad 1
  - Januarie en Februarie om 12:00
  - vanaf 1ste Maandag in Maart, Maandag – Vrydag om 12:40
  - daar is 'n nie-verpligte sportperiode op Maandae - Donderdae vanaf 12:40 – 13:20
- Graad 2
  - Maandag – Vrydag om 12:40
  - daar is 'n nie-verpligte sportperiode op Maandae - Donderdae vanaf 12:40 – 13:20
- Graad 3
  - Maandag – Donderdag om 14:20 (ingesluit is 'n sportperiode wat verpligtend is vanaf 13:35 tot 14:20)
  - Vrydag om 12:40
- Graad 4 – 7
  - Maandag – Donderdag om 14:20 (ingesluit is 'n sportperiode wat verpligtend is vanaf 13:35 tot 14:20)
  - Vrydag om 13:50

1.3 Op die eerste skooldag van 'n kwartaal asook die dag voor die skool sluit, is daar geen sportoefening nie en sluit die skool om 13:20 vir die Graad 3 – 7 leerders.

1.4 Op die laaste skooldag van ALLE kwartale sluit die skool altyd om 10:30.

**2 SKOOLDRAG**

Gestandaardiseerde patroon - geen tuisontwerp toegelaat.

Seuns: Winter: Grys broek (kort of lank), wit toekraaghemp, skooldas, V-nek skooltrui (langmou of "pullover") en/of skoolbaadjie ("blazer"), skoolkouse en swart skoolskoene.

Somer: Grys broek (kort of lank), wit kortmou oopnekhemp met sakwapen, skoolkouse en swart skoolskoene.

Dogters: Winter: Handhaaf skoolrok of grys langbroek wat by skoolverskaffers gekoop kan word, wit toekraaghemp, skooldas, V-nek skooltrui (langmou of "pullover") en/of skoolbaadjie ("blazer"), lang skoolkouse en swart skoolskoene.

Somer: Handhaaf skoolrok, wit kortmou oopnekhemp, kort wit sokkies en swart skoolskoene.

LW: Die langbroek is dié met rek aan agterkant, voorkant het gladde middelband met knoop, ritssluiter en twee platplooie weerskante van die ritssluiter. 'n Skooltrui of skoolbaadjie moet saam met die langbroek gedra word.

- Die skooltrui en/of skoolbaadjie ("blazer") mag ook op koue somersdae saam met skoolklere gedra word.

- Op uitsonderlike koue dae mag slegs Graad 1 – 3 leerders 'n sweetpakbaadjie saam met die skooltrui dra.
- Op reëndae mag 'n groen reënbaadjie ("wind breaker") oor die skoolklere aangetrek word. Hierdie baadjie mag slegs aangetrek word terwyl die kind buite rondbeweeg en mag nie in die skool gedra word nie.

## 3 LO-DRAG

Seuns: Swart/wit/toepaslike groen PT-broek. Geen slenterdrag broeke nie. Gewone wit/toepaslike groen/geel T-hemp by handelaars – geen motiewe of strepe nie. Ook by skool beskikbaar. Spanhemde van onderskeie sportsoorte kan ook gedra word.

Dogters: Sport oefenbroekie – by skool beskikbaar. Gewone toepaslike groen/geel T-hemp by handelaars – geen motiewe of strepe nie. Ook by skool beskikbaar.

## 4 SPORTDRAG

- Oefendrag:

  Seuns: Dieselfde as LO-drag. In die winter kan seuns oefen rugbytrui dra.

  Dogters: Dieselfde as LO-drag.

- Wedstryddrag:

  Sportdrag vir wedstryde soos hieronder uiteengesit in elke sportsoort. Goedgekeurde spandrag soos van tyd tot tyd deur die skool se borge voorsien vorm ook deel van ons sportdrag.

  - Atletiek: Handhaaf groen en geel atletiekfrokkie en –broekie.
  - Netbal: Handhaaf sporthemp en sportrompie, wit sokkies en wit sportskoene.
  - Rugby: Handhaaf rugbytrui en wit kortbroekie.
  - Krieket: Handhaaf kortmou skoolhemp, wit kortbroekie, Handhaaf skoolkouse met effekleurige sportskoene.
  - Tennis:
    - Seuns: Wit gholfhemp, wit kortbroekie, wit sportsokkies met wit sportskoene.
    - Dogters: Handhaaf sporthemp, Handhaaf sportrompie, wit sportsokkies en wit sportskoene.

NB Slegs 'n Handhaaf skoolsweetpak mag tydens sportbyeenkomste gedra word. Geen skooltrui saam met 'n sportbroek of rompie nie.

NB Handhaaf gholfhemp en Handhaaf opwarmings lang mou hemp is beskikbaar by Symara en gaan vanaf 2026 verpligtend raak vir alle graad 4 – 7 leerders wat betrokke is by sportdeelname.

## 5 PIKKIESDRAG

- Amptelike Handhaaf Pikkies hempie vir uitstappies
- Handhaaf skoolsweetpak is toelaatbaar, maar nie verpligtend
- Handhaaf sportbroekie vir dogters is toelaatbaar, maar nie verpligtend
- Netbalwedstrydklere sal verskaf word

## 6 BOEKTAS

Graad RR – R: Enige tas wat groot genoeg is om al die kind se persoonlike items soos kosblik, klere, skoene, ens in te pas.

Graad 1 – 7: 'n Goeie boektas met afskortings is verpligtend (toepaslike groen of alternatiewelik swart). Goeie kwaliteit boektasse met 'n Handhaaf skoolwapen is by die skool beskikbaar.

## 7 LEWERANSIERS

Skooldrag, LO-drag en sportdrag kan by die volgende leweransiers verkry word:

- Pro-Ecclesia
- Symara
- YD-Sport
- Laerskool Handhaaf

## 8 NETHEID VAN LEERDERS

Daar word verwag dat sorg gedra word dat leerders se persoonlike voorkoms asook kleredrag voldoen aan die algemene welvoeglikheidsregulasies wat deur die Beheerliggaam bepaal word.

8.1 Seuns:

- Geen dubbelsnit haarstyle nie, d.w.s. die hare moet geleidelik opgesny word – nie kort om die ore en nek en dan 'n 'walletjie' nie.
- Geen 'kloskuifie' nie, d.w.s. baie kort oral gesny maar met 'n kloskuif.
- Geen patrone mag in seuns se hare geskeer word nie.
- Geen "comb over" haarstyle nie – baie kort langs die kant en lank bo.
- Geen juweliersware behalwe horlosies en "Medic Alert"-kettinkies mag gedra word nie.
- Geen dekoratiewe tandvulsels of versierings nie.

8.2 Dogters:

- Harde of dun sagte "Alice Bands" – toepaslike groen, swart of donkerbruin
- Rekbare haarband – Slegs toepaslike groen of swart – nie breër as 5 cm nie. Geen bruin of wit nie en slegs die standaard rekmateriaal – geen blinkers, patrone of gehekel nie.
- "Scrunchies" – toepaslike groen
- Haarlinte – toepaslike groen
- Haarrekkies – toepaslike groen, swart of donkerbruin
- Geen skuins poniesterte of vlegsels nie.
- Geen "comb over" haarstyle nie – baie kort langs die kant en lank bo.
- Geen juweliersware behalwe horlosies en "Medic Alert"-kettinkies mag gedra word nie en slegs een paar gewone ronde goue of silwer oorkrabbertjies ("studs") word toegelaat.
- Geen dekoratiewe tandvulsels of versierings nie.

Voorbeelde van aanvaarbare haarstyle en kleredrag word vertoon onder "Kleredrag" op ons webwerf, www.handhaaflaerskool.blogspot.com.
Enige skriftelike vertoë ten opsigte van motivering vir wysiging van bogenoemde moet gerig word vir voorlegging en goedkeuring deur die Beheerliggaam.

## 9 TUISWERK

Elke leerder vanaf Graad 3 ontvang 'n tuiswerkboekie waarin tuiswerk afgeneem word. U samewerking word gevra om toe te sien dat tuiswerk gereeld gedoen word. Onderteken asseblief die boekie as kontrole.

## 10 ONDERRIGGELD

Dit is 'n verpligte bydrae deur ons ouers, want daarsonder sal dit onmoontlik wees om aan ons leerders die nodige te bied. Skoolgeld word op 'n jaarlikse basis bereken vir die volgende kalenderjaar en ouers sal in kennis gestel word sodra die beheerliggaam die gegewe bedrag verander.

## 11 AFWESIGHEID VAN SKOOL

Indien u kind afwesig was, vereis die skool dat u 'n briefie aan die klasonderwyser sal stuur wanneer hy/sy weer terugkom. Hierdie reëling dien as kontrole. Indien leerder vir meer as twee dae afwesig is, moet 'n doktersertifikaat ingehandig word. Tydens die eksamen of 'n toetsreeks, moet 'n doktersertifikaat ingehandig word.

**12 KO-KURRIKULêR**
Die volgende aktiwiteite word deur die skool aangebied word:

12.1 Koorsang (uitgesoekte groep)
12.2 Skaak
12.3 Krieket (seuns)
12.4 Netbal (dogters)
12.5 Rugby (seuns)
12.6 Atletiek
12.7 Tennis
12.8. Landloop
12.9. VCSV

Laerskool Handhaaf bied ook die volgende dienste:

A) LSEN SENTRUM
- Remediërende onderrig
- Sielkundige
- Spraakterapie
- Arbeidsterapie

B) KULTUURSENTRUM
- Kuns
- Musiek

C) Robotika en Kodering
- Graad 3 – 7

**13 SKRYFBEHOEFTES**

Skryfbehoeftes is teen billike pryse by die skool beskikbaar.

**N. LOOCK**
**SKOOLHOOF**

**C. SCHOLTZ**
**VOORSITTER: BEHEERLIGGAAM**

OPGRADEER: 17 Februarie 2025

# LAERSKOOL HANDHAAF

## VERKLARING

..................................................................................................................................................................
(Volle name en van van kind)

Ek/Ons, ..............................................................................................................................,

die ouer/voog van bogenoemde leerder verklaar hiermee dat:

1 My kind gebruik mag maak van vervoer waar die skool deelneem aan skoolwerksaamhede, sport en alle bedrywighede wat deur die skoolhoof gemagtig word.

2 Die skoolhoof of verantwoordelike opvoeder namens my mag teken in geval van 'n noodoperasie en/of vir die toedien van narkose, indien ek/ons nie beskikbaar is nie.

3 Ek/Ons onderneem om sover dit moontlik is, my kind beskikbaar te stel vir sport-/kultuuraktiwiteite soos deur die skool gereël. Ek/Ons verstaan dat Handhaaf se buitemuurse bedrywighede soms ook oor naweke geskied en onderneem om my kind beskikbaar te stel vir diesulke byeenkomste.

4 Ek/Ons ten volle bewus is van Laerskool Handhaaf se Toelatingsverklaring en Gedragskode vir Leerders soos uiteengesit op www.handhaaflaerskool.blogspot.com, dat ek/ons en my/ons kind ons ten volle daarmee vereenselwig, dit aanvaar en te alle tye daarna sal streef om dit uit te leef.

5 Ek/Ons bewus is van die Vrywaringsvorm met betrekking tot leerderfoto's, beeldmateriaal en video's en dat ek/ons die vorm onderteken het.

6 Ek/Ons bewus is van die Toestemmingsvorm ingevolge die Wet op Beskerming van Persoonlike Inligting 4 van 2013 (POPI) en dat ek/ons die vorm onderteken het.

| | |
|---|---|
| ............................................... | ............................................... |
| **HANDTEKENING VAN VADER** | **HANDTEKENING VAN MOEDER** |

Datum:......................................

ADRES: ..................................................................................................................

..................................................................................................................

TELEFOONNOMMER: ..................................................................

| | | | |
|---|---|---|---|
| Getuies: | 1. ....................................................... | Datum:........................................ |
| | 2. ....................................................... | Datum:........................................ |